# FOKUS

201302

# AFRONDING VAN GROOTVEE MET HEELMIELIES EN FEEDTEK CHOC GRAIN 69

Deur Ewie Coetzee (Pri.Sci.Nat)



Met die koste knyptang van huidige hoë graanpryse en gemiddelde vleispryse is daar toenemend druk op voer marges wanneer grootvee deur die boer self afgerond en markgereed gekry word. Enige metode waarmee voerpryse dus gesny kan word, moet deeglik oorweeg word. Een metode om voerkoste te sny, is om die maal van voerkomponente uit te sny indien dit moontlik is. Die pitgrootte van mielies is voldoende om opbring en herkou van die graan by grootvee te stimuleer. Die dier word dus inderwaarheid gebruik om die graan te "maal". Heelmielies word alreeds vir baie jare met groot sukses gebruik om grootvee af te rond.

**Een metode om voerkoste te sny, is om die maal van voerkomponente uit te sny indien dit moontlik is.**

**Wat is die voordele om heelmielies te gebruik?**

- Daar is geen maalkostes nie, wat huidiglik tot R150 per ton kan beloop
- Daar is geen maalverliese nie, wat tussen 1% tot 3% kan beloop
- Geen hamermeul word benodig nie
- Heelmielies word stadiger verteer as gemaalde mielies, omrede dit stadiger fermenteer
- Heelmielies stimuleer herkou, wat weer speekselproduksie stimuleer. Speeksel bevat natrium bikarbonaat, wat 'n effektiewe buffer in die grootpens is. Die gevaar vir suurpens is dus laer as met gemaalde mielies.

**Wat is die moontlike nadele om heelmielies te gebruik?**

- Heelmielies is sowat 5 – 10% minder verteerbaar as gemaalde mielies – energie word dus minder effektief benut
- Heelmielies is nie 'n gebalanseerde kragvoer nie – dit bevat baie lae vlakke van proteiene, kalsium en spoorminerale. 'n Konsentraat wat nie-proteïen-stikstof (NPN), kalsium , spoorminerale en ander noodsaaklike byvoegsels bevat, moet dus bygevoeg word om hierdie krities noodsaaklike voedingstowwe te balanseer. Met heelmielies is daar 'n wesenlike gevaar dat hierdie konsentraat kan uitsif vanuit die heelmielies en onder in die voerkrip lê. Diere wat hierdie skoon konsentraat vreet, staan gevaar om NPN vergiftiging en ander metaboliese steurnisse op te doen. Ooreenstemmend is die inname van heelmielies sonder die konsentraat ook gevaarlik.

**Wat is die oplossing?**

Die ooglopende oplossing is om te verhoed dat die konsentraat en die heelmielies van mekaar kan skei. Feedtek Choc Grain 69 is ‘n konsentraat wat spesifiek vir die doel ontwikkel is en voorsien ook al die noodsaaklike voedingstekorte. Choc Grain 69 bevat ‘n melassepoeier basis asook ‘n chemiese kleefmiddel wat in die teenwoordigheid van vog die konsentraat laat vasklou aan die heelmielies.

Die gevolg hiervan is ‘n 100 % veilige en gebalanseerde proteïen/energie kragvoer wat vir ‘n wye verskeidenheid doelstellings aangewend kan word insluitend:

- Aanvulling vir weidende herkouers vir produksie, laktasie en prikkelvoeding (geen lekbakke nodig)
- Uitgroei en afronding van alle vee op weidings
- Uitgroei en afronding van alle vee in voerkrale

**Afronding van grootvee in krale**

Aangesien hierdie kragvoer geen ruvoer bevat nie, word dit in ‘n sogenaamde “kafeteria” stelsel saam met ruvoer gebruik, waar die kragvoer en ruvoer afsonderlik aangebied word. Vir hierdie rede is die korrekte en geleidelike aanpassing op die kragvoer komponent baie belangrik aangesien oorinname van grane deur diere wat nie gewoond is aan grane nie, baie gevaarlik is en maklik tot suurpens, opblaas en vrektes kan lei. ‘n Aanpassings program wat met groot sukses toegepas word lyk as volg:

| Dag | Kragvoer soggens | Kragvoer middag | Ruvoer |
|---|---|---|---|
| Dag 1 | 500 gram | 500 gram | Onbeperk |
| Dag 2 | 1000 gram | 1000 gram | Onbeperk |
| Dag 3 | 1500 gram | 1500 gram | Onbeperk |
| Dag 4 | 2000 gram | 2000 gram | Onbeperk |
| Dag 5 | 2500 gram | 2500 gram | Onbeperk |
| Dag 6 | 3000 gram | 3000 gram | Onbeperk |
| Dag 7 | 3500 gram | 3500 gram | Onbeperk |
| Dag 8 tot slag | Onbeperk | Onbeperk | Onbeperk |

Voldoende kripspasie vir die kragvoer is ten alle tye, maar veral tydens die aanpassingsfase baie belangrik. Kripspasie van 50 cm per dier tydens  aanpassing en daarna 20 cm per dier word aanbeveel. Dit is baie belangrik dat voerbakke te alle tye volgehou word na aanpassing om sodoende ‘n eweredige  inname van die kragvoer te verseker. Goeie kwaliteit smaaklike ruvoer moet ten alle tye onbeperk beskikbaar wees. Daar moet seker gemaak word dat die diere minstens 15% van hulle daaglikse inname as ruvoer inneem.

**Voorbeelde van mengsels en meng instruksies**

| Grondstof | Mengsel 1 | Mengsel 2 |
|---|---|---|
| Heelmielies | 900 kg | 850 kg |
| Oliekoekmeel | | 50 kg |
| Water | 50 kg | 50 kg |
| Chocgrain 69 | 60 kg | 60 kg |


Strooi mielies op harde oppervlak, benat met water, strooi Choc Grain (en oliekoekmeel) bo-oor, meng deur en laat staan om te droog voordat versak word. Verrykte heelmielies kan ook in 'n voermenger of mengwa gemeng word. Dit moet onmiddelik na vermenging uitgetap word om te droog. Die voermenger of mengwa moet daarna onmiddelik skoongewas word. Gebruik mengsel 2 vir jonger speenkalwers aangesien hulle 'n hoër proteïenbehoefte het.

**Wat is die unieke eienskappe en voordele van Feedtek Choc Grain 69?**

- Mees gekonsentreerde heelgraan konsentraat op die mark – beteken dus die laagste vervoerkoste per eenheid voedingstof. Geen goedkoop draers of vog word oor lang afstande aangery nie
- Bevat gebluste kalk – is nie net by verre die beste kleefmiddel nie, maar het ook uitstekende buffer eienskappe
- Is melassepoeier gebaseer – saam met die gebluste kalk is dit 'n doeltreffende kleefmiddel
- Bevat nie-proteïen- stikstofbronne in die korrekte verhouding met swael vir optimum benutting van veld en ander ruvoerbronne
- Bevat 'n ionofoor en sinkbasitrasien – voorkom verteringsteurnisse en verbeter voeromset
- Bevat ammoniumsoute – verhoed die vorming van blaasstene by kleinvee op hoë kragvoer rantsoene
- Bevat 'n volle spektrum vitamiene insluitend vitamiene A, D, E, B1 en Niasien. Hierdie vitamiene speel 'n integrale rol in vrugbaarheid en weerstand teen siektes
- Word verpak in 30 kg sakke vir gemaklike hantering en vermenging van kleiner hoeveelhede verrykte heelmielies sonder om sakke uit te weeg.

Die beste manier om te sien hoe Feedtek vir die veeboer waarde kan toevoeg, is deur u Feedtek veekundige te vra om vir u voorbeelde van voerformulasies met die Feedtek reeks produkte te doen.

**Vir meer inligting rakende die produk asook u naaste Feedtek agent en veekundige, kontak gerus vir Feedtek by 086 111 5362 of besoek ons webtuiste by www.feedtek.co.za**



Choc Grain 69
Registrasie nommer (Wet 36/1947): V16147